*M. Elaine Botha*

# VRAE OOR CHRISTELIKE WETENSKAP

Die besinning oor Christelike wetenskap gaan nog steeds voort. Hierdie uitgawe is daar weer eens bewys van. Die feit van die voortdurende besinning sou op verskillende wyses geïnterpreteer kon word: enersyds as 'n aanklag dat daar nog steeds nie helderheid bestaan oor hierdie belangrike saak nie; andersyds as 'n teken van 'n lewenskragtige besinning oor 'n tema wat in feite nooit uitgeput kan word nie.

Die konferensie waarvan die referate in hierdie uitgawe gebundel is, was dan beslis ook simptomaties van die laasgenoemde lewenskragtigheid. Tog het daar veel vrae weer eens bly hang, vrae wat die ernstige aandag van alle akademici wat hierdie ideaal toegedaan is, vra.

Drie hoofgroeperinge van vrae sou hier onderskei kon word.

Die eerste sentreer om die Skrif en die gebruik van die Skrif in die wetenskap. Die tweede rondom die skepping en die wyse waarop hierdie skepping as openbaring van God kenbaar is, en die derde om die rol wat die geloof en die lewensbeskouing speel in die proses van wetenskaplike teorievorming en presies hoe hierdie geloofsoortuigings deurwerk in die wetenskap.

Wat die eerste reeks probleme betref, sentreer die vrae rondom die probleem of *die Skrif* as wetenskaplike handboek gebruik kan word; of daar in die Skrif bepaalde Skrifbeginsels of perspektiewe te vinde sou wees wat as gids en as riglyne by die beoefening van Christelike wetenskap diens sou kon doen en indien wel hoe die wetenskaplike aan hierdie perspektiewe of beginsels kom. Kan hy self die Skrif hanteer? Moet die teoloog hom daarin behulpsaam wees? Watter teologiese benadering sou die Skrif as Woord van God ten beste tot sy reg laat kom? Watter rol speel die wysgeer in hierdie proses? Vrae sonder tal kom hier in die visier. En wanneer die Skrifperspektiewe eers eenmaal geformuleer is, hoe word hulle dan geïntegreer in die korpus van vakwetenskaplike teorieë?

Dit is duidelik dat hierdie ry vrae aan alle kante vol voetangels en klemme sit. Die hele problematiek van eksegese en hermeneutiek speel hier 'n rol.

Die tweede reeks vrae sentreer rondom die oopdekking van God se openbaring in sy *skepping*. Ook hier vermenigvuldig die vrae. Bestaan daar so iets soos skeppingsbeginsels? Wat is die aard van hierdie Godgegewe beginsels en

hoe kom die wetenskaplike nou op die spoor van hierdie beginsels vir die taal, vir liggaamsbou, kuns, chemie, opvoeding en psigo-terapie? – om maar enkele velde te noem. Ook hier skyn die standpunte uiteen te loop. God het aan die mens sy ordelike skepping in bruikleen toevertrou. Die wetenskaplik is geroepe om die skeppingsdaad van God en die wonder van Sy instandhouding daarvan noukeurig en naarstigtelik uit te pluis. Die steeds ontwykende vraag skyn egter te wees *hoe* hierdie skeppingsbeginsels lyk. Is die estetiese nou daardie element van die werklikheid wat te make het met skoonheid of met harmonie of met integrasie? Is taal ten diepste verwysing, uitdrukking, kommunikasie? Is ekonomie besparing, sorgsame administrasie of miskien iets heel anders? Watter een van hierdie omskrywings sou gesien kon word as die „mees Christelike" omskrywing? Of het dergelike tiperinge wat dui op die struktuur van die werklikheid niks met „Christelik" of „nie-Christelik" te make nie?

Hierby kom nog die vraag na die gebruik van die benaming „Christelike" wetenskap. Indien daarmee bedoel word dat die hele werklikheid deur God in aansyn geroepe is en dat die Seun – die Woord van God (Johannes 1) – daarby betrokke was en dat die hele skepping in Hom standhou, dan is die hele werklikheid in dié sin natuurlik „Christelik". Maar hierdie „Christelike" karakter van God se skepping waarvan die Skrif ons leer in Kol. 1, Hebreërs 1 en ander plekke is uiteraard iets anders as die „Christelike" wetenskap wat tot stand kom deur die nougesette en toegewyde werk van die Christen-wetenskaplike wat met sorg probeer om dieselfde „Christelike" werklikheid in die lig van die openbaring van God in Sy Woord te verstaan.

Die derde reeks probleme sentreer om die vraag na die wyse waarop die *geloof* van die wetenskaplike en die *lewens- en -wêreldbeskouing* dan wel 'n rol speel in die vorming van wetenskaplike teorieë. Die simplistiese argument dat die religie van die wetenskaplike as 't ware regstreeks deurwerk in sy wetenskaplike teorieë is deur die moderne ontwikkeling in die wetenskapsteorie in hoë mate as verkeerd aangetoon. Hierdie beskouinge werk inderdaad deur, maar dan nie op regstreekse wyse nie, maar via die wetenskaplike tradisie, skool of stroming waarbinne die wetenskaplike self geskool is. Christenskap skyn dus nog geen waarborg te wees vir die beoefening van integraal-Christelike wetenskap nie, inteendeel talle Christen-wetenskaplikes is in hulle wetenskaplike vorming gedrenk in die denkbeelde van strominge, skole en teorieë wat allermins kon harmonieer met 'n integraal-Christelike visie, maar bly daar volstrek onbewus van omdat hulle eie konsepsie van Christelike wetenskap een is waarin slegs bepaalde „beginsels", „perspektiewe" of Skrifgedeeltes aan reeds bestaande teorieë toegevoeg word.

Word die problematiek van Christelike wetenskap vanuit dié perspektief

bekyk, dan is dit duidelik dat onder andere twee alternatiewe hulle voordoen, naamlik, enersyds die verskraling van Christelike wetenskap tot die blote plaas van enkele kritiese kanttekeninge by bestaande wetenskaplike teorieë of andersyds die radikale reformasie van 'n hele wetenskapsgeheel en -tradisie vanuit 'n integraal-Christelike geloofs- en lewensperspektief. Moontlik sal 'n leser in hierdie stadium die skouers ophaal. Wat maak dit tog eintlik saak, sou geredeneer kon word. As 'n teorie oor die werklikheid werk, as dit iets aangaande die werklikheid verklaar, dan hoef ons ons nie verder daaroor besorgd te maak nie. Enige teorie is net so goed as enige ander teorie, behalwe op daardie blatante punte waar die teorie in lynregte stryd kom met tradisioneel aanvaarde geloofstandpunte. Die spektrum van sulke probleme is haas oorbekend: Aborsie, evolusieteorie, genadedood, kunsmatige inseminasie (tot op sekere hoogte...).

Met so 'n instelling slaan die wetenskaplike eintlik die weg in van die heersende modeteorieë na te praat en dan vanuit sy geloof 'n enkele vroom kanttekening daarby te plaas of eenvoudig te stel dat die geloof daar weinig mee te make het.

Hoe sou die studie van vreemde tale soos Duits, Latyn en Frans nou eintlik „Christelik" beoefen kon word? Is daar iets Christeliks of on-Christeliks aan die gebruik van die elektronmikroskoop? Waarin bestaan 'n Christelike benadering tot die musiek? Is Christelike of kerkmusiek dieselfde ding as 'n Christelike benadering tot die musiek? Is poësie wat deur 'n Christen geskryf word oor een of ander Christelike tema noodwendig „Christelike" poësie?

Daar skyn haas geen grens te wees aan die moontlike gesigspunte van waaruit hierdie problematiek benader sou kon word nie. Tans is die benadering van die sogenaamde „grondslae-ondersoek" van die onderskeie vakke besonder belangrik en geniet dit ook veel aandag.

Miskien het ons almal uit hierdie moeisame gang van die ontwikkelinge dit geleidelik leer insien dat Christelike wetenskapsbeoefening harde dinkwerk is en 'n voortgaande proses — 'n proses wat elke generasie in 'n sekere sin in samehang met die verlede aanpak, maar tog telkens weer opnuut mee begin. Miskien verklaar dit die telkens terugkerende refrein van besinning oor hierdie vrae.

Wat in elk geval duidelik is, is dat ons in die historiese ontwikkelinge rondom hierdie saak nou 'n fase bereik het waarin die voor- en herskryf van „resepte" waarvolgens Christelike wetenskap tot stand sou kon kom as die „resep" maar net nagevolg sou word, nie meer so gemaklik indruk maak nie. Weinig wetenskaplikes wat oortuig is dat Christelike wetenskap bestaansreg het, het nie al op een of ander stadium 'n dergelike „resep" geproduseer nie. Die probleem is net dat so weinig wetenskaplikes in staat of bereid skyn te

wees om aan die hand van hulle eie resep te werk te gaan. Die meeste wetenskaplike probleme en teorieë ontglip êrens die greep van die resep-matige aanpak.

Twee basisvoorwaardes of bestanddele skyn egter van onmisbare belang te wees op grond waarvan Christelike wetenskap gebou kan word. 'n Absolute voorwaarde is seker die bestaan van 'n akademiese gemeenskap van Christene wat ook in hulle akademiese werk iets van die basismotivering van hulle eie geloofsoortuiging wil waar maak – maar dan in 'n gemeenskapsverband. Hoe fyn die resepte ook al uitgewerk word, as die egte vertrouensbasis ontbreek, kan 'n groep Christen-wetenskaplikes ook nie tot 'n deurtastende gesprek kom nie, en die gesprek, hetsy in geskrif of rondom die diskussietafel, is noodsaaklik. Geen wetenskaplike insigte word in isolasie en in die eensaamheid gebore nie. Sonder 'n akademiese gemeenskap word seker ook wetenskap bedryf, maar *Christelike* wetenskap beslis nie.

Die tweede basisvoorwaarde is die aanwesigheid van 'n akademiese gees, dit wil sê 'n instelling waarin akademiese „scholarship" hoog aangeslaan word, waarin die middelmatige in wetenskaplike werk as *middelmatig* beskou word en nie as wetenskaplike norm nie.

Hierdie laaste sinne herberg 'n wêreld van vooronderstellinge. Alle drukte en krampagtige organisasie van Christelike wetenskapaksies strand altyd maar weer presies op hierdie punt, naamlik dat dit onvoldoende rekening hou met die feit dat Christelike wetenskap, *wetenskap* in die volle sin van die woord is en moet wees, en dat dit dus die beste moontlik tipe van wetenskaplike werk moet wees. En dit is moeisame, langsame en volhardende wetenskaplike werk... wetenskaplike werk wat geen kitsresultate oplewer nie en waarvan die Christelike karakter nie sommerso op die oppervlak sigbaar is nie.

Miskien sou ons ook as Christen-wetenskaplikes beter moet leer verstaan wat die heel tipiese en eie versoekinge is wat ons so gemaklik voor swig. Aan die een kant die versoeking om alle kennis, alle wetenskaplike kennis, so snel moontlik op die lewenspraktyk te rig ten einde daar dan die Christelike konsekwensies van ons insigte te laat blyk, of miskien nog 'n groter versoeking, om in die teoretiese besig-wees so selde die verbande tussen ons klein wetenskaplike wêreldjie en dié van die ander vakwetenskappe raak te sien, dat enige vraag na sogenaamde grondslae-problematiek of na filosofiese besinning as oorbodig en tydvermorsing beskou word en allermins gesien word as 'n moontlike weg waarlangs die verbande in die kennis van God se skepping sigbaar sou word.

Weinig wetenskaplikes, geskool in die wetenskaplike tradisie van die Weste wat in 'n hoë mate dié van die positiwisme is, het in sy eie vakwetenskap-

like vorming kennis gemaak met handboeke wat vanuit 'n Christelike perspektief aangepak is. In die meeste vakke bestaan daar eenvoudig nie so iets nie. Die onmiddellike reaksie hierop is dat ons ons moet haas om aan 'n jonger generasie daardie tipe van handboek te voorsien wat die dwangbuis van die positiwistiese tradisie van die meeste vakwetenskappe sal deurbreek. Die belangrike vraag is myns insiens egter of die Christen-wetenskaplike werklik al self fundamenteel-krities met die teorieë van sy eie vakgebied geworstel het. Of, meer nog, gevra het na die diepste vooronderstellinge van hierdie teorieë. Dit verg natuurlik die tipe wetenskaplike geduld wat bereid is om 'n omweg te volg – die omweg van die grondslaebesinning. Dit verg weer op sy beurt 'n mate van wysgerige skoling of miskien ten minste wysgerige aanvoeling. Langs hierdie weg word die perspektief op 'n moontlike Christelike alternatief in die ekonomie en die psigologie sigbaar, en langs geen ander weg nie.

Miskien was ons in die verlede al te gou tevrede indien ons slegs naas die bestaande wetenskapstradisie se teorieë 'n „eie" Christelike standpunt opgestel het, sonder om wesenlik in gesprek te tree of te worstel met die gangbare teorieë in die eie vakgebied. Van hierdie Christelike modelle skyn daar heelwat in omloop te wees, sommige reeds taamlik verslete en ander weer op hulle beurt nog net so steriel en onbruikbaar as toe hulle die eerste keer ontwerp is. Miskien lê die oorsaak van hierdie kwaal daarin dat die vakwetenskaplikes dikwels hierdie soort modelle van òf die teoloë, òf die filosowe verwag het, terwyl die twee tipes van wetenskaplikes heel gemaklik geswig het voor die verleiding om hierdie tipe van modelle te verskaf en op te bou – sonder die absoluut essensiële gesprek met die vakwetenskaplike...

'n Laaste stuiwer in die armbeurs: Miskien sou die hele gebou van Christelike wetenskap al 'n hele stuk verder in die proses van aanbou gevorder het, indien die hoeksteen van die wetenskap – die kennis van die Woord van God en die gerigte bestudering van die Woord van God – meer ruimte, meer prioriteit in die akademie gehad het. Die lesings gehou tydens hierdie konferensie vestig weer baie pertinent die aandag daarop.

**